DEEL 112 | WEEK 8 | 26 FEBRUARIE | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# ONLY NOW AFTER ANOTHER DEATH

On Monday, 22 February 2021, a child lost her life due to the Heilbron/ Deneysville road's unsafe situation. This accident was the third in which someone was killed on the R716. Rethabile Xaba (6), a learner from Phitsana Public School, was crossing this road with two of her friends. Glen Faith Hlatswayo was driving in his Chevrolet Utility from Deneysville back to his home in Phiritona when he saw three children



crossing the road around 2 o'clock the afternoon. He tells Heilbron Herald that the girl held an umbrella in the direction where his car was coming from, and she did not see the oncoming vehicle in time. The two other children managed to cross the road to safety, but the car hit Rethabile. Glen reached out to Heilbron Herald, wanting to apologize to the community as well. He already made peace with the family and wanted everybody to know that he made a mistake and did not intentionally run her over; it was an accident. In the future, Glen would be much more careful when driving. He went to the parents' house to explain what happened, asked for forgiveness, and offered to pay for the funeral of Rethabile. He said he already made the payment on Wednesday. The funeral is not finalized but will take place in the coming days. The community was furious and stoned the car at the scene of the accident.



The Department of Police, Roads and Transport started yesterday to construct eight speedbumps on the R716 Heilbron/Deneysville road. This action only happened when the community of Phiritona threatened the local authorities to take matters into their own hands if they further ignore this road's safety. In February last year, Heilbron Agriculture wrote numerous letters and had a meeting with Sedtrade, the contractor of the road, local authorities, and the local traffic department. They stated the road categorically is unsafe on the section that runs through the residential area. Their main concern was small children crossing the road. Mr. Francis Moeketsi, Regional Manager from Ngwathe, who was present at this meeting in February 2020, received the same letter sent to various stakeholders. The EFF secretary for Ward 5, Mr. Motsamai Kheswa, accompanied by other members, had a meeting with Mr. Moeketsi after the incident on Monday. After their visit, Mr. Moeketsi wrote the letter to the department, resulting in constructing the speed-bumps. The question is why did it have to take three lives to get to this point.

NG Moedergemeente

Rib-burgers!
5 Maart, 11:00 – 14:00, kerksaal
R30
Bestel by Thea – 082 705 7946

Sosaties!
12 Maart, 11:00 – 14:00, kerksaal
Sosatierol – R30
(broodrolletjie + uiesous)
Slegs sosatie – R20
Aartappelslaai – R10
Rou sosaties – R20
Bestel by Annari 0822248741

Kerrie & Rys!
19 Maart, 11:00 – 14:00, kerksaal
R 25
Bestel by Surene 0828546469

Braai-vleis!
26 Maart, 11:00 – 14:00, kerksaal
Gebraaide tjop
Gebraaide wors
Broodrolletjie
2 x slaaie
R60
Bestel by Lizel – 082 7102412

Basaar-poeding!
R15
Bestel by Marlize 0827734713



# *In* FOKUS *hierdie week .... Onderwys / Skole*

Ons het 'n paar van ons plaaslike skole gevra om foto's te deel van hul graad 1 leerders wat hierdie jaar hul skoolloopbane begin het. Hul deel ook hoe hul 2021 gaan aanpak en 'n kort motiveringsboodskap vir hul leerders, ouers en personeel.

## HOËRSKOOL HEILBRON

Welkom terug!

In tye waarin ons onsself bevind, kan daar onsekerheid ontstaan oor baie goed, maar een ding waarvan ons altyd seker kan wees is die liefde en omgee by Hoërskool Heilbron. Die skool waar elke kind deel is van 'n groot familie, waar ons hard werk, foute maak, groot droom, baie lag, jammer sê en mekaar help. Pak hierdie jaar aan met 'n positiewe gesindheid en staan altyd saam. Kom ons hou hierdie jaar ons oë gerig op 'n vlam wat hoog brand. Ons moedig die leerders, onderwysspan en ouers aan met die woorde van Paulus in Fillipense 4:13, "Ons is tot alles in staat deur Christus wat ons krag gee."

*Groete - MK 2021*






## SANDERSVILLE

Sandersville Gekombineerd se wense vir elke graad 1 leerder, ouer en onderwyser is dat elkeen die lig en ondersteuning in hierdie uitdagende jaar sal ervaar.

Die bestuur en personeel, sowel as graad 1 onderwysers, wil hê dat elke leerder trots moet wees op wat daagliks bereik word, dat elkeen in hulself moet glo. Werk hard, as jy onseker is of hulp nodig het, wees verseker ons is daar vir bystand waar ons kan.

Droom, glo, bemoedig mekaar en luister altyd, want dit is wat ons vir elkeen wil bied.


Sandersville Gekombineerd pak die jaar weer aan met nuwe moed en geesdrif. Ons het verlede jaar die uitdagings van Covid-19 klasse ervaar en hierdie jaar is ons meer gereed daarvoor.

Wees verseker dat ons belange by u kind is en dit is ons doel om u kind veilig, ingelig en gemotiveerd te hou.

Mag 2021 die jaar wees waar ons saam groot hoogtes gaan bereik. KYK VORENTOE!

*Sandersville groete. Bestuur en personeel, Sandersville Skool!*







## SCHOOL OF DESTINY

The group of excited Grade 1 learners from School of Destiny, inserted photos of Mrs. M Jordaan who are their Supervisor and Miss Portia Mokheseng who are their Monitor for Grade 1.

In all the turmoil of world events we can have the peace that surpasses all understanding because God is still in control.

We are excited about 2021 and are planning to work hard and diligently to achieve our goals.




*M Jordaan*


*P Mokheseng*







# UIT DIE PEN

# WEEK AGT VAN 2021

Die land is in rep en roer oor die matriekuitslae. En dit is heeltemal reg. Die COVID-19 matrieks het regtig die beste van 'n slegte saak gemaak. Om binne weke te verander van klasonderrig na digitale onderrig, wil gedoen wees.

Volgens The South African het die slaagsyfer vanaf 81,3% na 76,2% gedaal. Maar dit is net die Departement van Onderwys (DBO) se uitslae. En dit is waaroor al die gesprekke gaan. Meer meisies het onderskeidings in kritiese vakke (Rekeningkunde, Besigheidstudies, Ekonomie, Wiskunde en Fisiese Wetenskappe) behaal. Die IEB se resultate het vir die afgelope 10 jaar nog nooit onder 98% gedaal nie. Kom ons plaas net eers die DBO en IEB in perspektief. Daar is drie eksamenrade vir die VOO fase (grade 10 – 12) in Suid-Afrika: die DBO, IEB en SACAI. Al drie is onafhanklik in alles wat hulle doen. Elkeen stel sy eie vraestelle op, het sy eie merkproses en elkeen se punte word deur die Gehaltebeheerraad vir VOO, Umalusi, gemodereer.

Die vraestelle se moeilikheidsgraad verskil nie veel nie, alhoewel die man op straat sal stry tot hulle blou in die gesig is. Alles moet presies volgens die beleid gedoen word, volgens die verskillende kognitiewe vlakke en verskillende soorte vrae.

Sommiges dink, omdat die IEB se uitslae hoër is as die DBO en SACAI, hulle vraestelle makliker is. Ander dink dat die IEB net vir ryk mense is. SACAI is nie eintlik in die nuus nie, omdat hulle die kleinste van die drie eksamenrade is. Ek wed jou dat die meeste wat hier lees, nog nie eers van SACAI gelees het nie, tensy jy tuisskool doen.

Elkeen van hierdie eksamenrade het hul eie unieke teikenmark. Dit is nie alle privaatskole wat van die IEB gebruik maak nie. Sommige privaatskole is by die DBO geregistreer en skryf hulle eksamens, ander by SACAI of by die IEB. Alle publieke skole doen die DBO se eksamens.

Deur die bank modereer Umalusi alle uitslae en vergelyk dit met die historiese uitslae. Presies hoe dit werk, weet ek nie. Wat ek wel weet is dat dit te doen het met statistieke wat nie deur mamparras uigedink is nie. Ek skryf onder korreksie: nege vakke se punte is opwaarts aangepas en agt vakke afwaarts. Hoe dit gedoen word, weet ek nie.

Nietemin.

Elke gekombineerde- of hoërskool word getakseer op hulle matriekresultate.

Ek lees van skole wat al die aflope 50 jaar (ja, dis reg, 50 jaar!) 100% slaagsyfer behaal het. Dan is daar skole wie se slaagsyfer met rasse skrede verbeter of verswak het. Daar is wel 7 skole in Limpopo waar daar geen matriekleerder geslaag het nie. Hoe op aarde gebeur dit? Om 'n vak soos LO te druip, moet jy min of meer in triplikaat aansoek doen. En selfs dan kan jou aansoek afgekeur word.

Maar: hoe beter die matriekuitslae, hoe beter die skool. Of nie?

Dis wonderlik om goeie matriekuitslae te kry, maar het jy al gewonder waar hierdie intelligente wesens vandaankom? Elkeen van hulle was (dink ek) in kleuterskool. Almal van hulle moes, volgens die Suid-Afrikaanse Skolewet, in graad 1, 2 en 3 gewees het.

Dis hier waar die klein klitse geleer word hoe om te sosialiseer. Hulle word basiese vaardighede geleer, hoe om in 'n voorkeurtaal te kommunikeer en om somme te maak. Laasgenoemde was vir my die ergste van alles. My graad 3-juffrou het ons altyd in veelvoude laat tel. Veelvoude van 2 was maklik (2, 4, 6, 8…), veelvoude van 3 was ook maklik (3, 6, 9, 12…) maar wanneer ons by veelvoude van 7 en 8 gekom het, was ek al blikners. Maar tannie Marie, my graad 3-juffrou, het allerlei maniere gehad om my te leer tel. Soveelso dat ek Wiskunde tot op eerstejaarsvlak geneem en deurgekom het. Ek mag seker nie hier vertel dat tannie 'n swart fênbelt gehad het nie.

Maar ek het oorleef om die storie te vertel.

So, terwyl die res van die land partytjie hou, skootrekenaars en beurse uitdeel, terwyl die LUR're van Onderwys op maat van "Simply the Best" van Tina Turner dans, terwyl die markiestente in die son staan en al wat leef en beef met sweterige lywe die akkolades ontvang, terwyl daar Well Done Functions gereël word en matriekonderwysers en skoolhoofde geprys word, wil ek 'n bos blomme kom gee vir elke grondslagfaseonderwyser.

Vir elkeen van julle, elke meneer en juffrou wie moet afbuk om 'n kleutertjie se neus af te vee. Elkeen wat aan kinders die drie R's leer: Reading, Writing and Arithmetic. En as jy nie weet hoekom dit die drie R's genoem word nie, is jy òf nie oud genoeg nie, òf jy het nog nie hierdie drie woorde hardop uitgespreek nie.

Ek dink nie julle kry in hierdie tyd genoeg komplimente nie. As dit nie vir julle was nie, was daar nie matriekuitslae nie.

Dankie dat julle geduldig is terwyl jy 'n kleutertjie leer hoe om haar vingers om 'n potlood te krul, hoe om hulle pousekossies met iemand te deel, hoe om 'n sneesdoekie te gebruik en op die regte tyd in 'n ry te staan om toilet toe te gaan. Dankie dat julle kleutertjies leer tel en lief maak vir lees en leer, dat julle hulle leer inkleur en knip en plak, dat julle moeite maak met elke liewe sieletjie wat in julle klasse inkom.

Daar is min dinge wat my hart so week maak soos 'n graad 1-dogtertjie met 'n ekstralank skoolrokkie, met 'n splinternuwe skooltassie. Dankie omdat julle elkeen van hulle in liefde omhels en hulle laat welkom voel.

Dankie dat julle hierdie kleutertjies laat méns word. Julle hou hulle soos klei in julle hand en vorm die mooiste mense.

Julle is vir ons onderwysstelsel goud werd. Of jy met die DBO of IEB of SACAI affilieer, dit maak nie saak nie. Vir jou is dit net daardie klein mensie wat tel.

Dankie vir julle werksywer.

En as jou skoolhoof of gemeenskap die skool meet aan die matriekuitslae, lag maar in jou mou, want as dit nie vir jou was nie, was daar nie goeie matriekuitslae nie.

# COVID-19: WAT JY VANDAG MOET WEET

Heilbron se bevestigde gevalle staan op 773 soos ontvang van die Fezile Dabi Distrikgesondheidsdienste op 23 Februarie 2021. Heilbron Herald het laas week berig dat Heilbron op 'n totaal van 767 bevestigde gevalle gestaan het teen 15 Februarie. Die gevalle bly steeds afneem en Suid-Afrika se aktiewe gevalle is weer byna onder die 40 000-kerf – dít is omtrent waar dit voor die uitbreking van die tweede vlaag was. Inwoners word gevra om die maatreëls in plek steeds streng na te kom om die inpak van die aankomende derde golf te verminder. Dit is vandag dag 337 van die inperkingsperiode en teen druktyd was die jongste getal koronavirusinfeksies vir Suid-Afrika op 1 507 448 en die dodetal op 49 523. Altesaam het daar reeds 1 422 622 mense van die virus herstel en is in die hele land slegs 35 303 aktiewe gevalle. Suid-Afrika het nog net meer as 20 000 van sy bevolking ingeënt, terwyl miljoene mense reeds oor die wêreld heen ingeënt is.

**FEZILE DABI COVID-19 CUMULATIVE CASES 23/02/2021**

| | | | |
|---|---|---|---|
| METSIMAHOLO | Sasolburg | 3179 | 3 648 |
| | Deneysville | 368 | |
| | Oranjeville | 101 | |
| MOQHAKA | Kroonstad | 3089 | 3 544 |
| | Viljoenskroon | 382 | |
| | Steynsrus | 73 | |
| NGWATHE | Parys | 959 | 2 443 |
| | Heilbron | 773 | |
| | Koppies | 508 | |
| | Edenville | 70 | |
| | Vredefort | 133 | |
| MAFUBE | Frankfort | 611 | 981 |
| | Villiers | 191 | |
| | Cornelia | 36 | |
| | Tweeling | 143 | |
| | | | 10 616 |





# NUWE GESIGTE BY DIE KOFFIEKAN

Hoërskool Heilbron is die afgelope maande ryklik geseën met besoeke van die ooievaar en verwelkom die volgende personeellede wat aangestel is in aflosposte: Meneer Lütke van Dorssen, mevrou Elza Kriel, mevrou Machell Zitske en mevrou Luané Briers.
Die skool spog met 'n nuwe juffrou in Lewenswetenskappe: juffrou Ankhe Bonthuys. Sy het 'n paar lawwe vragies beantwoord.
"Ek is Ankhe Bonthuys.
Ek het skoolgegaan in Hoërskool Wolmaranstad en daarna onderwys in Potchefstroom studeer.
Ek het onderwys studeer om baie redes, maar een van hulle is dat ek vreeslik hou van praat en beduie en waar anders gaan ek dan nou betaal word om te praat en te beduie?
Ek het Lewenswetenskap as vak gekies omdat die hele menslike liggaam 'n wonderwerk is!
As geld en tyd nie 'n kwessie was nie sou ek al langs die Suid-Afrikaanse kus toer en op elke klein dorpie stilhou en kyk wat daar gebeur.
Ek is hierdie jaar 23, so ek hoop om oor 10 jaar steeds te kan sê dat ek tevrede is met myself en met my lewe.
Die nuutste en "weirdste" vir my van deesdae se modes is dat die seuns "skinny jeans" dra en dit dan nog boonop oprol by hul enkels. Vir my lyk 'n boertjie in 'n Sterling broekie baie meer aantreklik."
My "motto" is - "Have courage and be kind".



*Ankhe Bonthuys*

# TOP 5 PRESTEERDERS



***TOP 5 PRESTEERDERS VAN DIE LAASTE KWARTAAL 2020 EN GRAAD 12 VAN 2021:*** *Danica Boucher 83.29%, Danielle van Wyk 79.86%, Jeanné van Wyk 77.71%, André Muller 76.71%, Carike Erasmus 75.29%.*

# HOËRSKOOL REITZ PRESTEER

Uit die 17 matriekleerders van 2020 van Hoërskool Reitz het 16 leerders (94.11%) geslaag. Die skool verwerf 'n totaal van 30 A-simbole en 87.5% van die leerders het die nodige vereistes vir universiteitstoelating. Die skool spog in besonder met Luné Pretorius wat 8 onderskeidings gekry het, en ook Linelle Oberholzer met 6 onderskeidings.





*Luné Pretorius (foto links bo) slaag met 8 onderskeidings en Linelle Oberholzer (foto regs bo) met 6 onderskeidings.*

# NEGE A'S VIR OUD-HEILBRONNERS SE KLEINDOGTER

Robin du Plessis het in 2020 aan Helpmekaar Kollege gematrikuleer met nege A's in die IEB Matriek-eindeksamen. Helpmekaar Kollege, in Johannesburg, is vanjaar 100 jaar oud en beskryf hulle die eindeksamen resultate as "Dis 100 by Helpmekaar in ons 100ste jaar!". Uit 207 matriekleerders ontvang 68 'n gemiddeld bo 80% en 694 vak-onderskeidings. Die graad-gemiddeld vir Graad 12 is 76%. Robin du Plessis is een van drie leerders wat nege onderskeidings ontvang in vakke: Afrikaans Eerste Taal, Engels Eerste Taal, Gevorderde Program Engels, Frans Tweede Taal, Geskiedenis, Lewensoriëntering, Wiskunde, Fisiese Wetenskap en Rekeningkunde.



Robin is die dogter van Truda Marais (du Plessis) wat in 1990 aan die Hoërskool Willem Pretorius in Heilbron gematrikuleer het. Sy is ook die kleindogter van Ansie en Scotty Marais wat vir 50 jaar lank inwoners van Heilbron was.
Hulle is tans woonagtig in Kaapstad. Robin beplan om haar studies DV vanaf Augustus 2021 aan die Liberty Universiteit in Lynchburg, Virginia in die VSA voort te sit.



**Hoërskool Heilbron**
**Kwartaalprogram 1: 2021**

Februarie

| M | D | W | D | V | S | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 |
| 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 |
| 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 |

Maart

| M | D | W | D | V | S | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 |
| 15 | 16 | 17 | 18 | 19 | 20 | 21 |
| 22 | 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 |
| 29 | 30 | 31 | | | | |

April

| M | D | W | D | V | S | S |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 1 | 2 | 3 | 4 |
| 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 |
| 12 | 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 |
| 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 |
| 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | | |

| | |
|---|---|
| 9 Maart 2021 | Beheerliggaamverkiesing |
| 22 Maart 2021 | Skolevakansiedag (Menseregtedag) |
| 15 – 19 Maart 2021 | Grondslagfase Assessering |
| 26 Maart 2021 | Eerste toetse afgehandel |
| 29 Maart 2021 | Vorderingsverslae (grondslagfase) |
| 29 Maart 2021 | Skoolgereedheidsverslae (graad 1) |
| 2 April 2021 | Vakansiedag (Goeie Vrydag) |
| 5 April 2021 | Vakansiedag (Gesinsdag) |
| 1 April 2021 | Vorderingsverslae (graad 4-12) |
| 12 – 23 April 2021 | Formele toetsreeks |
| 19 – 23 April 2021 | Grondslagfase Assessering |
| 23 April 2021 | Skool sluit |



# HOËRSKOOL WILGERIVIER ONDER TOP 50 IN VRYSTAAT

Wilgie Matrieks van 2020 het gesorg dat Hoërskool Wilgerivier onder een van die Top 50 Akademiese skole in die Vrystaat is. Hulle behaal 'n slaagsyfer van 97.05% en uit 'n totaal van 34 leerlinge het 27 (81.81%) universiteitsvrystelling gekry om ŉ graadkursus te voltooi. Die klas van 2020 werf 46 A-simbole, 42 B-simbole, 55 C-simbole en 47 D-simbole. Vak-onderskeidings is soos volg ontvang in Lewensoriëntering (16), Wiskunde (5), Ingenieursgrafika en Ontwerp (3), Toerisme (3), Geografie (2), Wiskundige Geletterdheid (1), Engels (6), Fisiese Wetenskap (3), Lewenswetenskap (3), Afrikaans (2) en Rekeningkunde (2).
**Hiermee 'n lys van Wilgerivier se leerlinge wat skitterend presteer het:**
Lené Muller: 7 onderskeidings: Afrikaans (84%), Engels (84%), Wiskunde (94%), Lewensoriëntering (94%), Rekeningkunde (87%), Lewenswetenskap (85%) en Fisiese Wetenskap (80%). ŉ Gemiddeld van 86.86%.
Anita-Marie Janse van Rensburg: 7 onderskeidings: Afrikaans (82%), Engels (86%), Wiskunde (89%), Lewensoriëntering (89%), Geografie (86%), Lewenswetenskap (84%) en Fisiese Wetenskap (84%). ŉ Gemiddeld van 85.71%.
5 onderskeidings:
Wilhelm Burger: Engels (82%), Wiskunde (81%), Lewensoriëntering (87%), Geografie (82%) en Lewenswetenskap (81%).
4 onderskeidings:
GF van der Watt: Wiskunde (84%), Lewensoriëntering (80%), Rekeningkunde (85%) en Fisiese Wetenskap (87%).
Kristin van Coller: Engels (81%), Wiskunde (82%), Lewensoriëntering (88%) en IGO (89%).
3 onderskeidings:
Janie van Rooyen: Engels (87%), Lewensoriëntering (87%) en Toerisme (87%).
Kayla van Wyk: Wiskunde Geletterdheid (84%), Lewensoriëntering (86%) en Toerisme (80%).
Rihana Cilliers: Engels (80%), Lewensoriëntering (83%) en IGO (81%).





*Anita-Marie Janse van Rensburg*



*Lené Muller*

WINKELURE
Maandae - Donderdae
07:30 tot 17:00
Vrydae:
07:30 tot 16:30
Saterdae:
08:30 tot 13:00
Elsstraat 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033

Heilbron Herald
VIR AL JOU BENODIGDHEDE
Jaarblaaie • Prospektusse • Strooibiljette & Brosjures • Besigheidskaartjies • NCR Boeke • Stempels • Alle Skryfbehoeftes • Laminering • Stuur & Ontvang E-pos • Fakse • Fotostate • Kantoortoerusting • Skoolbenodighede • Canvasses • Magnete • Baniere • Plakkers • Advertensies op Motor-voertuie • Winkel- en Plaas-naamborde • Veiligheidsborde • T-hemde • Korporatiewe- en Werksklere • Kepse • Promosie Produkte • Borduurwerk • en nog vele meer!
058 852 3033
Elsstraat 44, Heilbron, 9650

# LÊ DIE TUIG NEER NA 31 JAAR

**PETRUS STEYN –** 'n Geliefde Wiskunde-onderwyseres van die JA Malherbe Primêre Skool op Petrus Steyn, mev Dinita Bronkhorst, het na 31 jaar jaar in die onderwys, aan die einde van Januarie 2021, die tuig neergelê.

Mev Bronkhorst het haar loopbaan in 1984 by Excelsior Hoërskool afgeskop. Sy was ook sedert 1989 aan die ou JA Malherbe Hoërkool verbonde en is in 1996 by die JA Malherbe Primêr aangestel. Benewens Wiskunde het sy ook Rekeningkunde, Ekonomie, Bedrysekonomie, Tik, Sosiale Wetenskap en Lewensvaardigheid onderrig. Mev Bronkhorst was ook 'n afrigter in atletiek, netbal en landloop. Sy is 'n befaamde atletiekorganiseerder en het veral bekendheid verwerf as hekkie-afrigter. Sy het ook by streeksatletiekbyeenkomste as 'n skeidsregter by hekkiewedlope opgetree.

Mev. Bronkhorst sê dat sy nou graag tyd wil spandeer saam met haar man, mnr. Koos Bronkhorst, afgetrede hoof van die JA Malherbe Primêre Skool. Hulle wil bietjie reis en mooi plekke besoek. Sy is ook 'n kranige tuinier en bakster. Sy het jare lank vir 'n tuisnywerheid gebak gelewer. Beskuitbak is haar sterkpunt.

By haar kollegas is mev Bronkhorst bekend as 'n baie bekwame, toegewyde en geduldige onderwyser. Sy kon met baie empatie met kinders werk en met baie geduld haar vak verduidelik. Sy is ook 'n groot motiveerder en sou regtig die ekstra myl vir elke kollega of leerder loop. Sy het baie moeite gedoen om top-presteerders in Wiskunde aan te moedig en het baie kilometers afgelê om leerders aan Wiskunde-uitdagings en -olimpiades, asook Nautilus-oefenkampe te laat deelneem met uitstekende resultate.

Mev Bronkhorst glo dat onderwyserwees 'n leefwyse is. Mens tel nie die ure wat jy insit nie en is inniglik dankbaar vir elke resultaat, hoe klein ookal, wat jy behaal. Met haar aftrede laat sy 'n groot leemte onder die leerders en onderwysers van JA Malherbe.



# 100% SLAAGSYFER VIR 2020 MATRIEKS



Die Matrieks van 2020 het gesorg dat Hoërskool Heilbron vir die 24ste opeenvolgende jaar 'n 100%-slaagsyfer behaal. Daar was 29 matrieks in die klas van 2020, en die skool behaal 21 onderskeidings in totaal. Al die leerders slaag die NSS-eksamen met vereistes vir nagraadse studies en 23 leerlinge (79.31%), slaag met vereistes vir Baccalaureus Graadstudie, die ander 6 leerlinge (20.68%) slaag met vereistes vir Diplomastudie. Hierdie resultate plaas die skool weereens in die top 3 skole in die Fezile Dabi-distrik wat goue status kry. Die graad 12's behaal 'n klasgemiddeld van 62.6% en vak-onderskeidings in Afrikaans (1), Engels (1), Wiskunde (1), Wiskundige Geletterdheid (4), Lewensoriëntering (10), Fisiese Wetenskappe (1), Lewenswetenskappe (1), Besigheidstudies (1) en Landboutegnologie (1).

**Hier volg 'n lys van die matrieks se name, asook vakke waarin onderskeidings behaal is, in hakies.**

Blom Carla (Wiskundige Geletterdheid, Lewensoriëntering); Booysen Carien (Wiskundige Geletterdheid); Cooney Sjantyné; De Lange Kyla (Afrikaans, Engels, Wiskunde, Lewensoriëntering, Lewenswetenskappe, Fisiese Wetenskappe); De Wit Izany (Lewensoriëntering, Besigheidstudies); Dippenaar Elana (Lewensoriëntering); Els Francois (Lewensoriëntering); Hendrikse Arno; Landman Tyresha; Maarman Amber; Meneses Roberto; Moekoena Rethabile; Motholo Precious; Mouton Mariaan; Nagel Marchell; Naudé Nicolé (Wiskundige Geletterdheid, Lewensoriëntering); Nel Ryan; Oosthuizen Runelda; Pelser Adriaan; Roos Hilde (Lewensoriëntering); Roos Mienké (Lewensoriëntering); Steyn Elzemey; Strydom Jan (Lewensoriëntering, Landboutegnologie); Terre'Blanche Jakomi (Wiskundige Geletterdheid, Lewensoriëntering); Terre'Blanche Lukas; Van Staden Patricali; Visagie Xander; Viviers Izak en Witbooi Cleovan. Leerders wat slaag met 'n gemiddeld tussen 80-100%: 1; 70-79%: 8; 60-69%: 6; 50-59%: 12; 40-49%: 2

**Die Top 10 vir Gr 12 – NSS 2020-eksamen:**

1. Kyla de Lange - 83.7% (6 Onderskeidings)
2. Nicolé Naudé - 78.9% (2 Onderskeidings)
3. Izany de Wit - 76.6% (2 Onderskeidings)
4. Elana Dippenaar - 74.4% (1 Onderskeiding)
5. Francois Els - 72.9% (1 Onderskeiding)
6. Karien Booysen - 72.7% (1 Onderskeiding)
7. Jan Strydom - 71.6% (2 Onderskeidings)
8. Carla Blom - 70.6% (2 Onderskeidings)
9. Jakomi Terre'Blanche - 70.4% (2 Onderskeidings)
10. Mienke Roos - 66.3% (1 Onderskeiding)




# GRONDGRYP: SPERTYD VIR BESWARE

Die Demokratiese Alliansie doen vandag opnuut 'n beroep op Suid-Afrikaners om beswaar te maak teen die beplande wet op onteiening sonder vergoeding.

Die DA verklaar dis wetgewing wat ekonomiese groei verder in duie sal laat stort, en almal moet in hul eie belang ten sterkste daarteen protesteer. Daar is nog tyd vir beswaar tot 28 Februarie.

"Of u nou eiendom besit, of 'n motor, of aandele, of 'n woonstel, ANC-kaders sal kan beslag lê daarop, en eenvoudig aanvoer dis " in die openbare belang," sê Rdl Carina Serfontein, voorsitter van die DA se Ngwathe –koukus. "As hierdie drog-wetgewing deurgedruk word, sal die ANC-regering alles wat u besit kan vat." Sy vra dat ondersteuners van alle partye vandag die versoekskrif teen die beplande wet teken, en wel by *protectownershiprights.co.za*

## KENNISGEWING

"Vegkopbrand-beskermings-vereniging algemene jaar-vergadering vind plaas op Donderdag 4 Maart om 14:00 te Vegkop Slagveld terrein. Direk na die brand vergadering, sal 'n veiligheids-vergadering wees om veiligheid en meer spesifiek die kameras langs paaie te bespreek. Sien julle daar."

***Vir enige navrae kontak Corne 083 306 0357***









# KENNISGEWINGS • KENNISGEWINGS

## NOTICE OF SALE IN EXECUTION

Case No. 124/2020
In the Magistrate's court for the district of Heilbron
Held at Heilbron
**In the matter between:**
**CORNELIUS AND PARTNERS INC**
*Execution Creditor*
and
**KOOS MTIMKULU**
**IDENTITY NUMBER 711105 5383 085**
*Execution Debtor*

1. Kindly take notice that in terms of a Judgment granted on 21st day of January 2021 in the Heilbron Magistrate's Court and a Warrant of Execution issued thereafter, a Sale in Execution of the undermentioned goods will be held.
The particulars of the sale / auction are as follows:
1.1 Date: 15th day of March 2021
1.2 Time: 13:30
1.3 Place: Plot 3, Heilbron
2. In terms of Regulation 20 (3) of the Consumer Protection Act 68 of 2008, full details of the advertisement and description of the goods are available during ordinary business hours at the offices of the undermentioned Attorneys and the Sheriff.
3. This Notice is published in terms of, inter alia, Regulation 20 (2) (b) of the Consumer Protection Act 68 of 2008, and access to the latter Regulations can be obtained on URL at URL:
http://www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?id=99961
4. Prospective buyers are required to register before commencement of the auction.
5. A registration fee is payable before commencement of the auction.
6. The office of the Sheriff of Heilbron will conduct the sale with auctioneers WF Minnie.
7. Method of payment: cash, bank guaranteed cheque or electronic transfer, subject to acceptable proof of payment.
8. Advertising costs at current publication rates and sale costs according to the court rules, apply.

**DESCRIPTION OF GOODS OR PROPERTY:**
**1 X DEFY DOUBLE DOOR REFRIGERATOR**
**1 X LG TV**
**1 X LOUNGE SUITE 4 SEATER**

Dated at Heilbron on 17 February 2021.
R SCHUTTE
**EXECUTION CREDITOR'S ATTORNEY**
**CORNELIUS & VENNOTE ING.**
**40 CHURCH STREET**
**HEILBRON • 9650**
**P O BOX 205/591 • HEILBRON • 9650**
**TEL NO. 058 852 2035,**
**FAX NO.: 058 852 1838**
**EMAIL: admin@corven.co.za**
**REF: C0010/0352/TVS**

## KENNISGEWING AAN KREDITEURE EN DEBITEURE

In die boedel van wyle, **ABRAM HLALELE,** met Identiteitsnommer 470608 5541 082, 'n getroude persoon getroud binne gemeenskap van goedere met RACHEL HLALELE met Identiteitsnommer 490404 0397 084, **BOEDELNOMMER, 008660/2020** wie woonagtig was te 410 Mamafubedu, Petrus Steyn, Vrystaat, 9810 en wie op 15 Augustus 2020 oorlede is.
Enigeen wat 'n eis het teen, of bedrae verskuldig is aan die bogenoemde boedel word hiermee versoek om sodanige eise in te dien, of verskuldigde bedrae te betaal, by die ondergemelde adres, binne 30 (Dertig) dae na pubikasie hiervan.
Geteken te Bethlehem op hede die 8ste dag van Februarie 2021.
**SJ VENTER**
**CAMBRIDGESTRAAT 110**
**POSBUS 96**
**BETHLEHEM, 9700**
**TEL: 058 050 0494**
**E-POS: elsa@sventerlaw.o.za**
**VERW: SJ VENTER/es/HLA15/0001**

## WEERVOORSPELLING

| | | |
|---|---|---|
| Sa. 27/2 | 13/23 | Sonnig, 19% kans vir reën |
| So. 28/2 | 13/24 | 40% kans vir donderbuie |
| Ma. 1/3 | 14/24 | Bewolk |
| Di. 2/3 | 16/24 | Bewolk |
| Wo. 3/3 | 16/25 | 40% kans vir donderbuie |
| Do. 4/3 | 15/27 | 55% kans vir donderbuie |
| Vr. 5/3 | 15/28 | Sonnig |
| Sa. 6/3 | 15/28 | Sonnig |

## BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net).
Velde of wen-akkers.
Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
**R**

## HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT




Hugo Groenewald
082 569 7205
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

# TE HUUR

## HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
***Hannalie Claassen 079 040 0531***

## BLOEDSKENK DATUMS




23 Maart
25 Mei
27 Julie
28 September
23 November

## WINKELURE



**Maandae - Donderdae**
07:30 tot 17:00
**Vrydae:**
07:30 tot 16:30
**Saterdae**:
08:30 tot 13:00
Elsstraat 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033

## BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***
Heilbron Biblioteek is **VYF DAE** per week oop vir die publiek en die tye is as volg:
**MAANDAE TOT VRYDAE -**
09:00 - 13:00 (Volwassenes) en
14:00 - 17:00 (Kinders)
Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.



# DIENSTE


## Andries Muller

072 447 7446
Vrystraat 23, Heilbron
Ou Heilbron Betonwerke se gebou

MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE HERSTELWERK

## AANKOOP VAN SPEENKALWERS

Aankoop van alle speenkalwers.
**Kontak Jannie Bornman**
**072 287 4111 • Heilbron**



## BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.
**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**
**R**

## POSTNET HEILBRON

**Maandae - Vrydae:**
08:00 -16:30
**Saterdae:**
09:00 -12:00
***Elsstraat 42***
***HEILBRON***
***Tel: 058 853 0006***

# SMALLS

# EIENDOMME

## VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies en diens
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

## CHAIR PROMO

**Econo Highback PU Leather Chair with Chrome Base**



1 Chair R1 999 incl
2 Chairs R3 600 incl
**Buy in pairs and save**
*Valid until 12/03/2021*
**Contact Delareyz**
Tel: 058 852 3033
E-Mail: finance@heilbron.co.za
44 Els Street, Heilbron
www.heraldofficenational.co.za






# AFRIFORUM BEDRYWIG

## *AfriForum se Heilbron-tak herstel gevaarlike slaggate; voorsien munisipaliteit van brandstof*







Die AfriForum-tak in Heilbron het vandeesweek gevaarlike slaggate in Langmarkstraat in dié dorp herstel. Die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit het 15 sakkies teer verskaf waarmee die tak vyf gevaarlike slaggate herstel het.

Die pad word eintlik deur Sanral onderhou, maar omdat voertuie al skade daar opgedoen het, het AfriForum en die munisipaliteit saamgespan om die gate te herstel.

Dié AfriForum-tak het ook brandstof aan die munisipaliteit verskaf aangesien al die munisipaliteit se brandstofrekenings gevries is. Werkers wat die riool lyne moet oopmaak, kan nie hul werk verrig as die voertuig sonder brandstof is nie, daarom het AfriForum hulp verleen.

Nadat AfriForum in 2020 'n vergadering met dié munisipaliteit in Parys bygewoon het, is 'n kontrakteur aangestel om die vullisterrein se paaie te skraap. Dit is egter glad nie voldoende nie en AfriForum gaan nou weer 'n vullisterrein oudit doen, waarna hul weer met die munisipaliteit sal vergader.

"Dit is goed om te sien dat die munisipaliteit AfriForum se helpende hand begin aanvaar. Ons is bewus daarvan dat hulle bepaalde uitdagings het. Dit is dus vir ons belangrik dat hulle ons hulp aanvaar sodat ons Heilbron kan verbeter, sê Alta Pretorius, AfriForum se distrikskoördineerder vir die Mooirivier.

Die gemeenskap word aangemoedig om by dié AfriForum-tak betrokke te raak om sodoende 'n daadwerklike verskil te maak: SMS "Heilbron" na 31481 (R1) en raak vandag nog betrokke.

*Mediaverklaring,*
*24 Februarie 2021*

# VVA IS STEEDS IN AKSIE



Elke week is die VVA-huis se deure oop vir Heilbronners wat swaarkry in hierdie moeilike tye.

Met skenkings wat ontvang word en ekstra aankope van groente en soms vleis, word weeklikse kospakkies opgemaak en uitgegee. Addisionele fondse word ook genereer deur die VVA lede. Klasse is ook steeds aan die gang en daar word ywerig naaldwerk gedoen.

Die VVA lede doen ook verstellings aan klere en is baie bedrewe met die maak van gordyne.

Indien u enige naaldwerk gedoen wil hê is u welkom om Woensdae en Donderdae tussen 10:00 en 12:00 'n draai te kom maak.

Die VVA-huis is geleë in Pleinstraat 51, Heilbron.


the local choice Pharmacy & Clinic
PLATTELAND
Platteland Pharmacy is registered at
Discovery Health
All Discovery and Discovery Vitality members can get a health checkup at the Platteland clinic, your medical aid will cover the costs!
087 527 0723
063 721 4950
platteland@thelocalchoice.co.za
57 Wentworth Straat, Wentworth Square, Heilbron










# PATRICK SE KAMPIOEN WORTEL




*Patrick Morake is 'n werker op die plaas Hilltop van Hannetjie en Willem Smit en versorg die tuin en ook groentetuin in besonder. Hierdie reuse wortel is daar uit getrek en afmetings het 'n deursnee van 8cm en lengte 24cm aangedui.*



# KONJUNKSIE VAN JUPITER EN MERCURIUS

In die sterrehemel gaan daar weer 'n konjunksie plaasvind op die oggend van 5 Maart net voor sonop. 'n Konjunksie is 'n samekoms van planete en hierdie keer sal Jupiter en Mercurius baie naby aan mekaar wees met Saturnus net 'n ent hoër soos die diagram aandui. In werklikheid kyk ons oor die son na Mercurius en dan na Jupiter wat nou aan die anderkant van die son is, so die twee lyn net op en is nie werklik naby mekaar nie, vertel Lafras Smit.




# SAREL JOOSTE OORLEDE



■ *Annetjie Jooste*

My lewe saam met Sarel...

Ons het op 30 November 1990 ons vanaf George op Heilbron kom vestig as Safra Begrafnisdienste. Vir 31 jaar en na 'n siekbed van 5 maande het hy sy wedloop voltooi...

Sy vriendelike geaardheid en sin vir humor sal ons altyd bybly. Hy was baie lief vir sy werk en mense.

Die mooi herinneringe aan hom sal altyd vir ons kosbaar bly.

■ *Ebeth Müller*

Altyd mooi herinneringe, altyd, wat ek nooit sal vergeet nie. Ek het hom vir baie jare geken en met begrafnisse het ons fantasties saamgewerk, soos twee perde die kar deur die drif getrek. Ons het elke diens vooraf bespreek - die familie, hulle versoeke en die regte musiek soos dit hulle pas.

'n Begrafnis is 'n private geleentheid en Sarel het dit met respek gedoen. Wat ek van hom onthou, is hoe netjies hy was met sy strepiesbroek, swart lang "jassie" en wit of swart das. Daar was tussen ons 'n mooi simpatieke verhouding met die familie van die oorledene. Van hartseer tot humor was daar baie. Sarel het nie by die graf weggegaan voor alles klaar afgehandel was nie.

Wat ek goed kan onthou, is as ek afkyk bo van die orrel af na Sarel en sien hoe hy sit en kners op sy tande as dinge met familie bietjie gekrap het. Die aand vantevore sal hy (soos die ander ondernemers ook) my altyd gebel het met al die reëlings. Die een wil dit so hê en die ander weer heeltemal uit koers uit. Dan sê Sarel: "Ou Sustertjie help, die testament is gelees en hulle wil nou vuisslaan, hoe nou?" Dan sê ek "Kners maar jou tande Sarel, ek sal hulle tot bedaring bring met mooi musiek, gaan slaap nou." Sarel was nooit ongeskik met iemand nie.

As hy by die orrel kom met die pamflet en my fooi, dan vra ek: "Ryk of arm?" En hy sal dit so mooi stel, die familielid self gaan haal as dit behoeftige mense is, en die fooi voor my teruggee vir hulle.

Humor was daar baie, trane veel. Daar was maar net een Sarel en dit was hy, Sarel Jooste van Safra Begrafnisdienste. Annetjie was sy regter - en linkerhand deur al die jare, dankie daarvoor.

# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron Tel: (058) 852 3033/4/5 Faks: (058) 853 0140 www.heilbronherald.co.za**


**E-POS ADRESSE**

- **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
- **John Watson** john@heilbron.co.za
- **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
- **Marilize** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
- **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
- **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
- **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
- **Jeanne** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- **Silma** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)
- **Silma** marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***





# HERALD SPORT

# KOM SPEEL IN KLUBKAMPIOENSKAP

Die Heilbron Gholfklub hou volgende naweek hulle jaarlikse kampioenskap en dit lyk of die manne baie opgewonde is om daaraan deel te neem.

'n Paar van die buitelede ry van Pretoria af om hier te kom meeding. Dit word soos gebruiklik oor 36 putjies gespeel.

Inskrywings sluit Woensdag 3 Maart 2021 om 19:00. Inskrywingsgeld sluit koffie en broodjies tydens afslaan in, so ook "halfway", "Caddy Meal" en aandete.

Registrasie is 6 Maart 2021 om 07:00, opening met skriflesing en gebed sal 07:45 wees en afslaan begin 08:00.

Moenie laat wees nie, want twee strafhoue sal bygevoeg word vir elke 10 minute wat jy laat is.



Ledegeld is betaalbaar op die dag of reëlings moet andersins getref word.

Die baan sal Vrydag 5 Maart 2021 gesluit wees om baanwerkers kans te gee vir die nodige voorbereidings.

Hierdie naweek word die liga op Reitz gespeel vir die eerste bepaling in vanjaar se kampioenskap.

Die Sundowners van Vaaldriehoek speel hier vir hulle jaarlikse Heilbron-kuier.

Vir lede wat plaaslik wil speel is daar gewone spel om 11:00.












JAARPROGRAM : 2021
RIEMLAND JAGTERSVERENIGING

| DATUM | BESONDERHEDE | TYD |
|---|---|---|
| 6 MAART | SKIET OEFENING | 09:00 |
| 13 MAART | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 17 APRIL | SKIET OEFENING | 09:00 |
| 22 MEI | CHASA KWALIFISERING / VERBETERING | 09:00 |
| 5 JUNIE | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 14 AUGUSTUS | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 4 SEPTEMBER | JEUGSKIETDAG | 09:00 |
| 2 OKTOBER | OPE PRYS SKIET | 09:00 |
| 2 OKTOBER | TROFEE MEET | 09:00 |
| 16 OKTOBER | .22 EN JAGGEWEER SPORTSKIET | 10:00 |
| 6 NOVEMBER | JAARVERGADERING : RIEMLAND TAK | 18:30 |
| 21 NOVEMBER | "D-DAG" INDIEN VAN TOEGEWYDE JAGTERS STATUS | |
| 31 DESEMBER | LEDEGELDE VIR 2022 MOET NOU BETAAL WORD | |









**Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak Silma Petzer kantoorure 058 852 3033.**


# BKB Louwid

## Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 1 MAART 2021**

WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Jacques vd Merwe 082 325 0036

**DINSDAG - 2 MAART 2021**

VEREENIGING Weeklikse veiling
Freek Pieterse 079 560 7088

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Fanie Nel 083 325 3066

**WOENSDAG - 3 MAART 2021**

FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

KROONSTAD: PRO-GENEPOEL SAVM PRODUKSIEVEILING
130 Skape
11:00, Randjieslaagte, Kroonstad
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

**DONDERDAG - 4 MAART 2021**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Jacques Meyer 076 691 0095

KROONSTAD veiling
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

KAALLAAGTE Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

POTCHEFSTROOM: LOOD BOUWER UITVERKOPING VAN SKAAPKUDDE
444 Vleismerino tipe skape
11:00, Du Toitspruit, Potchefstroom
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

**VRYDAG - 5 MAART 2021**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Bennie van der Merwe 082 414 4228

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

FRANKFORT: HARTEBEESFONTEIN MERINOS
IZAK NEL & SEUNS
45 Horing- & poenskop ramme
11:00, Skurwekop BV saal, Frankfort
Kontak Jacques Meyer 076 691 0095

BKB LOUWID

**www.bkb.co.za**
**BKB Louwid NOORD 2005/026173/07**
**Posbus 220, Frankfort, 9830**
**Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317**
**e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za**